CAP/03/0303
KAAPSTAD
2003 -09- -6
CAPE TOWN
THE PROVINCIAL PUBLIC PROSECUTOR

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: A.434/2003

DATUM: 30 APRIL 2003

In die saak tussen:

1. ANDRE CHRISTOFFEL PRETORIUS
2. PETRUS HERMANUS LOUBSER Appellant

en

DIE STAAT Respondent

UITSPRAAK

VAN DER WESTHUIZEN, WnR

Die appellante staan tereg van oortreding van Regulasie 38(3)(b) van die Regulasies afgekondig onder Goewermentskennisgewing R1111 van 2 September 1998, soos gepubliseer in Staatskoerant nr 19205 van 2 September 1998, saamgelees met Regulasie 1 en 96 van die genoemde Regulasies, soos uitgevaardig kragtens artikel 58(4) van Wet 18 van 1998, naamlik die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne.

Hulle staan tereg onder saaknommer 591/2003 in die landdroshof, Hermanus, in die saak van Staat v Matthews Clifton en tien ander.

/...

Die eerste appellant, mnr André Christoffel Pretorius, is beskuldigde 6 en die tweede appellant, mnr Loubser, is beskuldigde 8 in daardie saak.

Op 12 Maart het hulle aansoek gedoen om op borgtog vrygelaat te word en op 14 Maart het die landdros, wat die saak aangehoor, borgtog geweier vandaar hierdie appèl.

Die kennisgewing van appèl verwys na die volgende gronde:

Die geleerde landdros sou fouteer het deur -

1. Klaarblyklik te bevind dat die hangende sake waarin die appellante betrokke is, aanduidend is van die feit dat hulle hulle weer sou skuldig maak aan misdryfpleging;
2. Deur te bevind dat die appellante nie aangetoon het dat hulle vrylating op borgtog in die belang van geregtigheid is nie;
3. Die beweerde sterkte van die staatsaak oorbeklemtoon het en die bepaling of hulle op borgtog vrygelaat moet word al dan nie; en
4. Die hangende sake teen die appellante onderbeklemtoon het of hulle op borgtog vrygelaat moet word al dan nie.

Mnr Bisschoff het namens die appellante betoog dat die landdros die bepalings van artikel 60(4)(a) en 60(4)(d) onderskeidelik van die

/ ...

Strafproseswet op oorbeklemtoonde feite en omstandighede waarvoor daar geen grondige getuienis was nie, toegepas het en in sy bevindings gefouteer het. Dit is wel so dat appellante beide op borgtog vrygelaat is hangende die beregting van soortgelyke klagtes teen hulle. Mnr Bisschoff het betoog dat daar egter geen gronde is om te aanvaar dat die appellante die geneigdheid of, soos hy dit gestel het, die "propensity" het om hierdie soort misdade te pleeg nie.

Die landdros het nie die kwessie van die ligging van die *onus* in dié saak aangeraak nie. Dit is egter deur mnr Geyser, namens die Staat, aangevoer dat ingevolge die bepalings van artikel 60(11)(b) van die Strafproseswet, wat soos volg lees:

> "Ondanks enige bepaling van hierdie Wet, waar 'n beskuldigde aangekla word van 'n misdryf bedoel in -
>
> (a) ....
>
> (b) in Bylae 5 maar nie in Bylae 6 nie, moet die gelas dat die beskuldigde in bewaring aangehou word totdat daar met hom ooreenkomstig die reg gehandel is, tensy die beskuldigde, nadat hy/sy redelike geleentheid daartoe gebied is om dit te doen, getuienis aanbied wat die Hof oortuig dat in die belang van geregtigheid sy/haar vrylating veroorloof."

Daar is derhalwe 'n *onus* op die appellante omdat die misdryf waarop hulle aangekla staan, sowel as die misdrywe waarin hulle op borgtog

vrygelaat is inderdaad oortredings is waarvoor gevangenisstraf vir 'n langer tydperk as ses maande sonder die keuse van 'n boete opgelê kan word en dat die misdrywe insgelyks onder Bylae 5 ter sprake kom, synde - en ek haal aan uit Bylae 5:

> "'n Misdryf bedoel in Bylae 1 -
>
> (a) ....
>
> (b) wat na bewering gepleeg is terwyl hy/sy op borgtog ten opsigte van 'n misdryf genoem in Bylae 1 vrygelaat is."

So gesien, was die appellante verplig om die Hof te oortuig dat in die belang van geregtigheid hulle vrylating veroorloof is.

Die bepalings van die Wet gaan van die standpunt uit dat die Hof oortuig moet word dat dit in belang van geregtigheid is dat hulle vrygelaat moet word. Die appellante het duidelik nie die Hof hierbenede so oortuig nie. As ek kyk na wat die landdros op bladsy 109 van die rekord gesê het -

> "Hierdie tipe misdryf kom geweldig baie voor. Mense doen dit openlik, perlemoenstropery. Dit is moeilik om skuldiges aan die man te bring. Baie beskuldigdes kom weg. Groot geld is betrokke. Daar word veral in die nag perlemoen uitgehaal. Die Hof het hierdie getuienis in ander sake aangehoor en dit is moeilik om 'n persoon in die nag te arresteer te betrap met perlemoen en wat ek wil

/...

onderstreep is in julle geval was daar inligting - is die getuienis voor die Hof dat 'n seker boot 'n sekere kleur sou uitgaan. Ek is van mening dat die getuienis wat aan die Hof voorgelê is, 'n sterk saak uitmaak, veral die feit, soos ek alreeds gemeem het, julle is op 'n rubberboot betrap. Daar was duiktoerusting op die boot en ek is, nadat ek al die getuienis oorweeg het, van oordeel dat dit nie in belang van geregtigheid is dat julle vrygelaat word nie."

Daar is ook ander feitebevindings van die landdros wat ek wil beklemtoon, naamlik:

"As die Hof na die feite van die saak kyk, dit is gemene saak dat beide van die beskuldigde tans hangende sake teen hulle het, dit is perlemoensake, beide beskuldigdes is op borgtog vrygelaat ten opsigte van daardie sake - ten opsigte van beskuldigde 6 is daar ook voorwaardes gestel, sekere voorwaardes wat hy moet nakom ten opsigte van sy vrylating op borgtog. Kort nadat die borgtog in die vorige sake vasgestel is, is hulle weer gearresteer. Die Hof moet onder andere in ag neem hoe sterk is die getuienis van die Staat teen die twee beskuldigdes. Beskuldigdes is op 'n rubberboot gearresteer in die vroeë oggendure. Dit is ook so dat daar duiktoerusting op hierdie boot was toe hulle gearresteer is."

/ ...

Dit is duidelik uit hierdie aanhalings van die Hof *a quo* se bevindings dat die appellante nie die Hof gunstig beïndruk het nie.

Ek is nie oortuig dat ek hiermee sou wou inmeng nie. Onder die omstandighede, dink ek, dat die appellante hulle nie van die bewyslas gekwyt het om aan te toon dat dit in die belang van geregtigheid sou wees dat hulle op vrylating geregtig is nie en word die appèl dus verwerp.

VAN DER WESTHUIZEN, WnR

/ ...